



## **DIE SNY VAN ELEKTRISITEITDIENSTE BY EEN VAN DIE SARS KANTORE IN PRETORIA**

**Tshwane, 15 Februarie 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van die besluit deur die Stad van Tshwane om die elektrisiteitsdienste te sny by 'n SARS-kantoor in Ashley Gardens, Pretoria.

Ons wil dit op rekord stel dat die gebou waarin SARS okkupante is, nie aan SARS behoort nie. Dit is 'n gehuurde eiendom, en tot op datum is alle dienste ten volle betaal en op tyd.

Ons vra om verskoning aan belastingpligtiges vir die ongerief wat dit mag veroorsaak. Ons is in verbinding met die eienaars van die eiendom en hoop dat die aangeleentheid met dringendheid opgelos sal word.

Intussen maak die kantoor van 'n kragopwekker gebruik en is dus steeds operasioneel. Dienste aan belastingpligtiges duur ongestoord voort.

Vir meer inligting, kontak [SARSmedia@sars.gov.za](mailto:SARSmedia@sars.gov.za).